

HOOFSTUK 9

Die Drie-enige God

1. Die wese van God

1.1 God is Gees. Hy bestaan onsienlik vir ons. Die Heilige Gees is van een en dieselfde wese, majesteit en heerlijkheid as die Vader en die Seun, waaragtig en ewig God.

1.2 Die Godheid van die Heilige Gees

Die Heilige Gees is nie net 'n krag nie, maar 'n Persoon. Vgl. Johannes 13:16; Efesiërs 4:30; Openbaring 22:17

Die belydenisskrifte maak op grond van die Skrif 'n duidelike uitspraak, naamlik dat die Heilige Gees 'n Persoon is.

- In die wese van God het Hy 'n eie, selfstandige bestaans- en handelingswyse.
- Hy het eienskappe wat slegs by 'n persoon pas.
- Hy verrig werke wat slegs deur 'n persoonlike wese gedoen kan word.
- Christus verwys na Hom as 'n ander Voorspraak – Johannes 14:15.
- Hy is in alle opsigte Iemand wat teenoor die mens staan en wat deur die mens as “U” aangespreek kan word.

Hy is 'n Persoon, maar in orde die derde Persoon in die Drie-eenheid.

Vgl. Handeling 5:3,4; Markus 3:28,29; Matteus 28:19; 2 Korintiërs 13:13; NGB, art. 11; HK, Sondag 20.

- Die begrip *orde* dui hier nie op 'n waardeoordeel of volgorde van belangrikheid nie; Hy is nie minder God omdat Hy die derde Persoon is nie.
- Geeneen van die drie Persone in die Drie-eenheid is ondergeskik aan die ander nie – elkeen kom egter in sy verhouding tot die ander tot sy volle reg.

Die Skrif sê dat die Heilige Gees uitgaan van die Vader en die Seun, nie omgekeerd nie. Vgl. Johannes 15:26; 1 Korintiërs 2:12; Filippense 1:19. Sy werk gaan nie die werk van die Vader en die Seun vooraf nie maar volg daarop, voer dit verder. Vgl. Johannes 16:14,15a.

Die groot werk van die Heilige Gees in verband met ons verlossing en ewige redding is om die genadeweldade wat Christus vir ons verwerf het, naamlik sy betaling vir ons sondeskuld, die verlossing van die verderf, die verwerping van die ewige lewe, ens, tot ons eiendom te maak. Die ganse lyde en sterwe van Christus sou vir ons niks beteken het as die Heilige Gees ons nie daarin laat deel het nie.

Kom ons let op 'n paar van die werksaamhede van die Heilige Gees met betrekking tot die erediens wat julle pas bygewoon het:

Dit is die Heilige Gees wat:

- die verkondigde Woord Gods Woord maak en, in die kled van die Woord, Jesus Christus aan die gemeente laat verskyn;
- die gemeente saamgeroep het om na Gods Woord te luister;
- die boodskap van die Woord verliggend in die harte van die gemeente onthul of tot openbaring laat kom;
- geloof skenk aan hulle wat deur die Vader tot die ewige lewe uitverkies is; en
- al die waarhede in die prediking ontsluit en oopsluit, ens.

Watter ander werkinge van die Heilige Gees met betrekking tot 'n mens se persoonlike lewe as gelowige kan julle self uit die Skrif versamel? Bring volgende keer die teksverwysings saam.

1.3 Hy is alomteenwoordig al is Hy onsienlik.

1.4 Geen mens se verstand kan die grootheid van God begryp nie, want die grootheid van God oorskry die begrip van selfs die slimste mens. Daar staan in 1 Konings 8:27 dat die hemel der hemele God nie kan bevat nie. Dus is die hele skepping nie eers groot genoeg om die Wese van God te huisves nie.

2. Die Name van God

Omdat God te groot is vir enige mens se verstand om te begryp, openbaar Hy Hom aan ons in verskillende Name. Elkeen van hierdie Name beskryf iets van sy Wese, sodat die somtotaal van al die Name ons 'n idee kan gee van wie die Here is.

Daar is veral drie Godsname wat in verskillende vorms en verbindings voorkom: 'el, 'elohim en Jahwê/JHWH.

2.1 HERE/Here

Die Hebreeuse Godsnaam *JHWH (JAHWê)* word vertaal met *HERE*. Hierdie Naam beskryf JHWH in sy bestaan, want die woord beteken: om te bestaan in ewigheid. Met hierdie Naam dui die HERE Homself aan as die Verbondsgod – God wat 'n verbond sluit met sy uitverkorenes en dan tot in ewigheid by hierdie verbond bly.

Eksodus 3:14: “*En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur.*” (AFR1953)

Streng gesproke is hierdie sekerlik die belangrikste Naam van God. Dink byvoorbeeld aan wat die Here vir Moses gesê het:

Eksodus 3:15: “*Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag.*” (AFR1953)

Hierdie Naam van God bring Hom in 'n naby en persoonlike verhouding met mense. Hy het hierdie naam gebruik wanneer Hy met die aartsvaders gepraat het.

Vergelyk hierby ook nog die volgende Bybelgedeeltes:

Genesis 12:8: “*En daarvandaan het hy verder versit na die gebergte oos van Bet-el en sy tent opgeslaan tussen Bet-el aan die weste – en Ai aan die oostekant, en daar vir die HERE 'n altaar gebou en die Naam van die HERE aangeroop.*” (AFR1953)

Genesis 13:4: “. . . na die plek van die altaar wat hy vroeër daar gebou het. En Abram het daar die Naam van die HERE aangeroop.” (AFR1953)

Genesis 26:25: “*Toe bou hy daar 'n altaar, en hy het die Naam van die HERE aangeroop en daar sy tent opgeslaan; en die dienaars van Isak het daar 'n put gegrawe.*” (AFR1953)

Die Ou Jode het soveel respek vir hierdie Naam gehad dat hulle geglo het dat iemand wat hierdie Naam verkeerd gebruik – kragtens die derde gebod – deur God met die ewige dood gestraf sou word. Daarom het hulle die leestekens van Adonai daarby geskryf – met die bedoeling natuurlik dat Adonai gelees word in plaas van Jahwê. *Adonai* beteken *my Heer*.

Uit misverstand het sekere mense dit gelees as *Jehova*. Hierdie vorm van die Godsnaam pas natuurlik goed in die klanke van die swart tale in, en daarom word dit in Bybelvertalings inderdaad so gebruik.

2.2 God: 'el

Hierdie Godsnaam kom 3 549 keer in die Bybel voor. Die naam benoem God as Skepper en Bestierder van die hemel en die aarde.

Genesis 1:1-20: *“In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. Toe sien God dat die lig goed was. En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis; en God het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was môre, die eerste dag. En God het gesê: Laat daar ’n uitspansel wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters en waters. God het toe die uitspansel gemaak en die waters wat onder die uitspansel is, geskei van die waters wat bo die uitspansel is. En dit was so. En God het die uitspansel hemel genoem. En dit was aand en dit was môre, die tweede dag. En God het gesê: Laat die waters onder die hemel hulle op een plek versamel, sodat die droë grond sigbaar word. En dit was so. En God het die droë grond aarde genoem, en die versameling van die waters het Hy see genoem. Toe sien God dat dit goed was. En God het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so. Die aarde het voortgebring grasspruitjies, plante wat saad gee volgens hulle soorte en bome wat vrugte dra, waarin hulle saad is, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was. En dit was aand en dit was môre, die derde dag. En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare. Laat hulle ook dien as ligte aan die uitspansel van die hemel om lig te gee op die aarde. En dit was so. God het toe die twee groot ligte gemaak: die groot lig om te heers oor die dag en die klein lig om te heers oor die nag; ook die sterre. En God het hulle aan die uitspansel van die hemel gestel om lig te gee op die aarde en om te heers oor die dag en oor die nag en om skeiding te maak tussen die lig en die duisternis. Toe sien God dat dit goed was. En dit was aand en dit was môre, die vierde dag. En God het gesê: Laat die waters wemel met ’n gewemel van lewende wesens, en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die uitspansel van die hemel.” (AFR1953)*

2.3 Here: ‘Elohim

Hierdie naam is die meervoudsvorm van die Naam ‘El. Dit veronderstel ongetwyfeld die Drie-eenheid van God. Die meervoudsvorm is verder om die Godheid van God te beklemtoon in teenstelling met die aard van die mens, byvoorbeeld.

Vergelyk hiervoor Numeri 23:19: *“God is geen man dat Hy sou lieg nie; of ’n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?” (AFR1953)*

Die Naam God/Elohim kom ook baie keer direk langs die Naam JHWH voor: Jahwê Elohim

Hierdie name word ook gebruik om God as Skepper en Bestierder van hemel en aarde te benoem.

Genesis 2:4-9: *“Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is. Die dag toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het, was daar nog geen struik in die veld op die aarde nie, en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie; want die HERE God het nog nie laat reën op die aarde nie, en daar was geen mens om die grond te bewerk nie. Maar ’n mis het opgetrek uit die aarde en die hele aardbodem bevogtig. En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens ’n lewende siel geword. Ook het die HERE God ’n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daar aan die mens wat Hy geformeer het, ’n plek gegee. En die HERE God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.” (AFR1953)*

Genesis 2:15-19: *“Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak. En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ’n hulp maak wat by hom pas. En die HERE God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees.” (AFR1953)*

2.4 'Eloah

Hierdie naam is ook 'n enkelvoudsvorm van die meervoudsnaam 'Elohim. Dit beteken dieselfde as die Naam 'El. Hierdie naam word meestal in gedigte of Bybelgedeeltes wat in digvorm geskryf is, gevind. 'n Goeie voorbeeld is die boek Job.

Vergelyk hiervoor Deuteronomium 32:15, 17: *“Toe het Jesúrún vet geword en agterop geskop – jy het vet geword, dik geword, spekvet geword – en hy het God verwerp wat hom gemaak het, en die steenrots van sy heil geminag.”* (AFR1953)

Deuteronomium 32:17: *“Hulle het aan die duiwels geoffer, wat nie-God is, gode wat aan hulle nie bekend was nie; nuwes wat kort gelede opgekom het, vir wie julle vaders nie gehuiwer het nie.”* (AFR1953)

2.5 Here/Adonai

Dit beteken *Eienaar of Besitter* en dui op God se majesteit. Die meervoudsvorm van die Naam is 'n grammatiese konstruksie wat God se majesteit aanwys en daarom moet ons die meervoud nie met die enkelvoud vervang nie. In Afrikaans is dit dus *Here* en nie *Heer* nie.

2.6 Here Almagtige/El Shaddai

Dit spreek van God se allesvermoënde krag. Hierdeur het God Hom as die almagtige God geopenbaar wat sy almag in diens van die verdond van genade stel.

Eksodus 6:3 (6:2): *“En Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as God, die Almagtige, maar met my Naam HERE het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie.”* (AFR1953)

2.7 HERE van die Leërskaare

Hierdie is 'n uitgebreide naam wat die wydheid van God se regering aantoon. Die Naam kom baie (251 keer) in die Ou Testament voor.

1 Samuel 1:3: *“En dié man het van jaar tot jaar opgegaan uit sy stad om te aanbid en aan die HERE van die leërskaare te offer in Silo, waar die twee seuns van Eli, Hofni en Pinehas, priesters van die HERE was.”* (AFR1953)

1 Samuel 1:11: *“en sy het 'n gelofte gedoen en gesê: HERE van die leërskaare, as U waarlik die ellende van u diensmaagd aansien en aan my dink en u diensmaagd nie vergeet nie, maar u diensmaagd 'n manlike kind skenk, dan sal ek hom aan die HERE gee al die dae van sy lewe; en geen skeermes sal op sy hoof kom nie.”* (AFR1953)

1 Samuel 4:4: *“Daarop het die manskappe na Silo gestuur, en hulle het die verbondsark van die HERE van die leërskaare wat op die gérubs troon, daarvandaan gaan haal; en die twee seuns van Eli, Hofni en Pinehas, was daar by die verbondsark van God.”* (AFR1953)

2 Samuel 7:8: *“So moet jy dan nou aan my kneg, aan Dawid, sê: So spreek die HERE van die leërskaare: Ek self het jou geneem uit die weiveld agter die skape weg, om 'n vors te wees oor my volk, oor Israel;”* (AFR1953)

1 Konings 18:15: *“Maar Elía sê: So waar as die HERE van die leërskaare leef, voor wie se aangesig ek staan, ek sal my verseker vandag aan hom vertoon!”* (AFR1953)

2.8 Vader

Die Naam benoem God as die Onderhouer en Versorger van die hele skepping. Verder is Hy ook werklik die Vader van Jesus Christus en deur Jesus Christus ook werklik ons Vader: Jesus Christus sterf juis sodat ons God se kinders kan word en Hy ons Vader.

2.9 Jesus

Jesus beteken *JHWH verlos*. Dus: God, ons Verlosser. Jesus is die tweede Persoon van die Godheid. Let daarop dat ons Apostoliese Geloofsbelijdenis Jesus ook bely as God wat met die wederkoms kom om te oordeel oor die lewende en die dode.

2.10 **Christus/Messias**

Christus is 'n Griekse woord en *Messias* 'n Hebreuse woord, wat albei beteken: *Gesalfde*. Die Naam sien op die ampsalwing van Jesus as ons Middelaar. Jesus is by sy doop gesalf met die Heilige Gees wat soos 'n duif op Hom neergedaal het. Die ampsdraers in die Ou Testament is met olie gesalf. Die olie was die simbool van die Heilige Gees – daarom is Jesus nie met 'n simbool gesalf nie, maar met die werklikheid – die Heilige Gees self.

Johannes 1:41 (1:42): “*Hy het eers sy eie broer Simon gekry en vir hom gesê: Ons het die Messias gevind – dit is, as dit vertaal word, die Christus.*” (AFR1953)

Johannes 4:25: “*Die vrou sê vir Hom: Ek weet dat die Messias kom, Hy wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig.*” (AFR1953)

2.11 **Heilige Gees**

God, wat ons troos en ons laat glo. God, die Heilige Gees lei ons om die kwaad te ken en te oorwin. Hy leer ons wat om te bid.

2.12 **Kurios**

Hierdie naam word in die Griekse Nuwe Testament gebruik vir die Here. Dit dui die ewigdurende koningskap van God aan. Dit toon Hom ook aan as Oorwinnaar wat sy vyande verslaan het.

Handelinge 9:5: “*En hy sê: Wie is U, Here? En die Here antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.*” (AFR1953)

Handelinge 9:13: “*Maar Ananias antwoord: Here, ek het van baie mense aangaande hierdie man gehoor hoeveel kwaad hy u heiliges in Jerusalem aangedoen het;*” (AFR1953)

Openbaring 19:16: “*En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.*” (AFR1953)

Openbaring 22:20-21: “*Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus! Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.*” (AFR1953)

Here Ewige God: ‘El Olam

Hierdie Godsnaam kom voor in Genesis 21:33: “*En hy het 'n tamarisk in Berséba geplant en daar die Naam van die HERE, die ewige God, aangeroep.*” (AFR1953)

2.13 **Die God van Israel is God: El-Elohê-Israel**

Hierdie Naam vir God kom voor in Genesis 33:20: “*Daar het hy ook 'n altaar opgerig en dit genoem: Die God van Israel is God.*” (AFR1953)

2.14 **HERE God van Israel: Jahwê Elohê Jisrael**

Hierdie Godsnaam kom voor in Debora se lied in Rigters 5:3: “*Hoor, o konings! Luister, o vorste! Ek, tot eer van die HERE wil ek sing, tot eer van die HERE, die God van Israel, wil ek psalmsing.*” (AFR1953)

Jesaja 17:6: “*Maar 'n na-oes sal daarin oorbly soos by die afslaan van die olywe: twee, drie vruggies bo in die top; vier, vyf in die takke van die vrugteboom, spreek die HERE, die God van Israel.*” (AFR1953)

Sefanja 2:9: “*Daarom, so waar as Ek leef, spreek die HERE van die leërskaar, die God van Israel: Moab sal word soos Sodom en die kinders van Ammon soos Gomorra – 'n veld van brandnekels en soutpanne en 'n verwoesting vir ewig; die oorblyfsel van my volk sal hulle berowe, en die res van my nasie sal hulle beërwe.*” (AFR1953)

2.15 **Die Heilige van Israel: Qedos Jisrael**

Psalms 89:18: “*Want aan die HERE behoort ons skild, en ons koning aan die Heilige van Israel.*” (AFR1953)

Jesaja 17:7: “In dié dag sal die mens kyk na sy Maker, en sy oë sal sien op die Heilige van Israel;” (AFR1953)

2.16 Die Oue van Dae: Attiq Yomin

Daniël 7:9: “Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en ’n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan ’n brandende vuur;” (AFR1953)

Daniël 7:13: “Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van ’n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.” (AFR1953)

Daniël 7:22: “totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het.” (AFR1953)

2.17 Die Here voorsien: Jahwê-Jireh

In Genesis 22 voorsien die Engel van die Here (Jesus Christus!) ’n ram wat in Isak se plek geoffer moet word. Dan noem Abraham die plek: *Die Here voorsien*.

3. Wat ons van God glo

3.1 Die bestaan van God kan nie wetenskaplik bewys word nie. Ons glo in God en in sy bestaan.

3.2 God gaan bo die sonde uit. God is nie soos ons gebind deur die sonde of die mag daarvan nie. God gebruik die sonde in diens van sy eer.

3.3 God is goed, ewig, onveranderlik, oneindig, onafhanklik – Handeling 17:24,25; onsienlik wys – 1 Korintiërs 1:23-25.

3.4 God is een Wese, maar bestaan in drie Persone

- God die Vader – ons Skepper deur sy almag en krag
- God die Seun – ons Verlosser deur sy bloed
- God die Heilige Gees – ons Heiligmaker deur sy inwoning in ons – NGB, art. 9

4. Die raad van God

4.1 Die raad van God is die besluit van God oor alles wat gebeur in die verlede, hede en toekoms.

4.2 Die raad van God is die verhouding tussen God en sy skepping, want alles wat op die aarde en in die hemel gebeur, gebeur soos wat God sy beplanning daarvoor gedoen het.

4.3 Die raad van God veronderstel die Drie-eenheid.

4.4 Die raad van God is:

vry – want God besluit soos Hy wil;

wys – want daar is geen foute of dwaashede in nie;

ewig – want dit bestaan van voor die skepping – ewigheid af – Efesiërs 1:4;

onveranderlik – God verander nooit sy raad nie.

God **verkondig** sy raad aan ons.

4.5 Die **uitverkiesing** is deel van God se raad. Ons is uitverkore van voor die grondlegging van die wêreld af – Efesiërs 1:4; Matteus 13:11; Romeine 9:16 e.v.

4.6 Die inhoud van God se raad:

- Skepping
- Sondeval – verwerwing van die dood
- Verlossing – verwerwing van die ewige lewe en koms van sy koninkryk

4.7 Die einddoel van God se raad is die neerwerping van die bese en die oprigting van sy ewige koninkryk. Anders gestel: die verlossing van die uitverkorenes en die uitwerping van die goddeloses in die ewige hel.

5. Verhouding tussen die mens en God

5.1 Die mens moet hom voor God verootmoedig. Dit beteken dat hy voor God bely dat hy 'n groot en onwaardige sondaar is, maar dat hy tog pleit op die belofte van die Evangelie.

5.2 Ek/jy mag op die beloftes van die Evangelie pleit omdat God ons Vader is en omdat Hy God van die genadeverbond is.

5.3 Vraag 26 van die Heidelbergse Kategismus leer dat die ewige Vader van die Here Jesus, om sy Seun se ontwil, ook my God en Vader is.

5.4 Wat beteken “Skepper van hemel en aarde”? Dit beteken dat die Vader die hemel en die aarde uit niks geskape het. Hy het ook alle skepsele geskape en Hy onderhou en regeer alles deur sy ewige raad en voorsienigheid – Hebreërs 11:3; HK, vr. 26.

5.5 God doen die bogenoemde dinge, sodat die mens Hom as God kan aanbid – NGB, art. 12.